**DINSDAG 28 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 25:1-12**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 25:12**

**Festus – God gebruik selfs ongelowiges as instrumente om sy plan uit te voer**

Ons weet nie veel van Festus (feestelik) af nie. Hoewel hy as Romeinse goewerneur ’n belangrike posisie in Sesarea beklee het, word daar as’t ware maar net in die verbygaan na hom verwys.

Die enigste rede waarom sy naam genoem word, was omdat God hom as instrument gebruik het om te sorg dat die apostel Paulus na Rome toe gestuur sou word. Sy versekering in vers 12: “Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sal jy gaan”, was die eerste tree op die pad wat die Here in Handelinge 23:11 aan Paulus uitgestippel het toe Hy gesê het dat Paulus ook nog in Rome vir Hom sal getuig soos wat hy in Jerusalem vir Hom getuig het.

Feliks het die apostel vir meer as twee jaar ter wille van eie voordeel gevange gehou (24:26-27) en dit het, menslik gesproke, nie gelyk het asof daar enigiets van God se belofte gaan kom nie. Toe is Feliks egter deur Festus opgevolg en het die prentjie verander. Hy het onbewustelik ’n belangrike skakel in die ketting van God se plan geword, wat op die uitdra van die evangelie van Christus uitgeloop het.

Soms voel ’n mens jou so nutteloos en onwaardig in die koninkryk van God, asof daar sonder meer by jou verbygegaan kan word. Jy wonder oor die rol wat ’n ongelowige regering kan speel. Jy vra jouself af of daar in ’n vyandige wêreld hoop vir die kerk van die Here is.

Ons vergeet egter dat God selfs ongelowiges as instrumente gebruik om sy plan uit te voer, dat Hy ’n onbekende goewerneur laat sê het: “Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sal jy gaan.”

*Sing: Psalm 33:6 (1936)*
*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*